



**Titel:** Volhard in geloof  
**Pastoor:** Jaco Neveling  
**Datum:** 10 Julie 2011  
**Tyd:** 09h30

### Rom 5:1-5

<sup>1</sup> God het ons dan nou vrygespreek omdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus. <sup>2</sup> Deur Hom het ons in die geloof ook vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlikheid van God. <sup>3</sup> Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, <sup>4</sup> en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; <sup>5</sup> en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.

## 1. Geloof

### Rom 4:21

Hy was ook ten volle daarvan oortuig dat God die mag het om te doen wat Hy beloof het.

## 2. Swaarkry

### Heb 2:10

...En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid sou bring.

## 3. Volharding

### Heb 10:35-36

<sup>35</sup> Julle geloofsvertroue moet julle dis nie prysgee nie: dit hou groot beloning in. <sup>36</sup> Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het.

## 4. Egtheid van geloof

### 1 Pet 1:7

Sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word.

## 5. Hoop

### Tit 2:13

Terwyl ons uitsien na die gelukkige dag wat ons verwag. Op daardie dag sal die heerlikheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn.

### Rom 5:3-5

<sup>3</sup> Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding, <sup>4</sup> en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop; <sup>5</sup> en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.

## **6. Doel: Volle Geestelike Rypheid**

### **Jak 1:2-4**

<sup>2</sup> My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, <sup>3</sup> want, soos julle weet, as julle die geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. <sup>4</sup> En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkominge.

## **7. Doel: Lof, Heerlikheid, Eer**

### **1 Pet 1:6-7**

<sup>6</sup> Verheug julle hieroor, self al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. <sup>7</sup> Julle geloof is baie kosbaarder as goud, wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus.